# SARS DOEN ’N BEROEP OP NIE-VOORLOPIGE BELASTINGPLIGTIGES OM HUL INKOMSTEBELASTINGOPGAWES VOOR DIE 20 OKTOBER-SPERDATUM IN TE DIEN

**Tshwane, 15 Oktober 2025** — Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) herinner nie-voorlopige belastingpligtiges dat die sperdatum vir die indiening van jaarlikse inkomstebelastingopgawes 20 Oktober 2025 is.

SARS het alles moontlik gedoen om die indieningsproses te vereenvoudig en te ondersteun. Deur verbeterde digitale platforms, die outo-aanslagstelsel en toeganklike hulplynkanale is belastingpligtiges bemagtig om hul verpligtinge met gemak en doeltreffendheid na te kom.

Met slegs vyf dae oor voor die sperdatum, moedig SARS Kommissaris Edward Kieswetter belastingpligtiges aan om gebruik te maak van die oorblywende dae om hul opgawes in te dien. Hy het die wetlike verpligting beklemtoon om die opgawes betyds en volledig in te dien.

Die kommissaris doen ’n beroep op alle belastingpligtiges om nie hul belastingverpligtinge te versaak nie: versuim om ’n opgawe teen die sperdatum in te dien, is ’n ernstige oortreding, en nie-nakoming kan lei tot administratiewe boetes en renteheffings. As deel van SARS se strategiese voorneme om vrywillige nakoming aan te moedig en die wet toe te pas, sal SARS steeds diegene wat hul belastingverpligtinge versuim, identifiseer en teen hulle op te tree.

Kommissaris Kieswetter het ook sy waardering uitgespreek teenoor die 80% van belastingpligtiges wat reeds voor die 20 Oktober 2025-sperdatum hul opgawes ingedien het. Dit sluit sowat 6 miljoen belastingpligtiges in wat outo-aanslae ontvang het en hul terugbetalings binne 72 uur ontvang het. Hierdie verbintenis tot nakoming speel ’n belangrike rol in die bou van ’n bekwame staat en die befondsing van noodsaaklike openbare dienste — dit maak werklik ’n verskil in die lewens van soveel van ons mense.

Baie belastingpligtiges wag tot die laaste oomblik om hul opgawes in te dien in die hoop om die sperdatum te haal. Hierdie gejaagdheid lei egter dikwels tot foute, verkeerde aannames, onnodige spanning, en lang toue by SARS-takke. SARS doen dus ’n beroep op belastingpligtiges om hul opgawes in te dien terwyl daar nog tyd is om duidelik te dink en foute te vermy. Vroeë indiening beskerm belastingpligtiges teen boetes en verseker dat enige terugbetaling binne 72 uur uitbetaal word.

Met slegs vyf dae oor voor die sperdatum, het 7 900 531 nie-voorlopige belastingpligtiges reeds hul belastingopgawes ingedien, terwyl meer as 854 408 nog uitstaande is. In die 2024-belastingjaar het meer as 6,7 miljoen nie-voorlopige belastingpligtiges hul inkomstebelastingopgawes ingedien, insluitend dié wat outomaties aangeslaan is.

Vir verdere inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.

.

Einde